9 tot 13 jaar

*My kreatiewe*

# BYBEL JOERNAAL

Psalm 1-20

Psalm 1-20

My kreatiewe

# BYBEL JOERNAAL

& Gees
Heuningsoet Woord
Psalm 19:10&11

'n Self-doen Bybelstudie vir kinders 9 tot 13 jaar.
Geskryf deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Gedurende hierdie Bybelstudie Joernaal gaan jy aan verskillende kosbare Bybelstudietegnieke blootgestel word wat tot gevolg gaan hê dat jy die Woord van God beter gaan leer ken.
Tesame hiermee, sal jou geloof in God groei soos jou kennis van Hom toeneem.

Deur daagliks puntsgewys deur die temas te beweeg, gaan jy oor verloop van tyd:

- jou Bybelboeke beter leer ken
- Bybelkarakters leer ken as werklike persone
- ontdek wat sommige moeilike woorde in die Bybel beteken en leer om hulle te ontrafel
- leer om vanuit die Woord te bid
- meermalle jou verbeelding aktiveer en inleef in Bybelse tekste
- verskillende Bybelstudiemetodes gebruik om dieper in die Woord te delf en lewend te maak vir jouself
- leer om die kern/ hart/ tema van 'n teks te identifiseer
- met groter aandag en intensie Bybelverse bestudeer
- leer hoe om die waarhede van die Woord, deel van jou eie lewe te maak (toepassing)
- leer om kern verse (waarhede) op 'n kreatiewe manier uit te beeld om die memorisering van die Woord in jou hart en gedagtes vas te lê.
- besef dat Heilige Gees jou geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer jy die Bybel bestudeer en ....
- 'n lewenslange fondasie vorm, van hoe om die Bybel prakties deel van jou lewe te maak en daardeur 'n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie studie tot seën wees vir jou!

# Wat is in hierdie *Bybelstudie?*

Dag 1 : Psalm 1

Dag 2 : Psalm 2

Dag 3 : Psalm 3

Dag 4 : Psalm 4

Dag 5 : Psalm 5

Dag 6 : Psalm 6

Dag 7 : Psalm 7

Dag 8 : Psalm 8

Dag 9 : Psalm 9

Dag 10: Psalm 10

Dag 11: Psalm 11

Dag 12: Psalm 12

Dag 13: Psalm 13

Dag 14: Psalm 14

Dag 15: Psalm 15

Dag 16: Psalm 16

Dag 17: Psalm 17

Dag 18: Psalm 18

Dag 19: Psalm 19

Dag 20: Psalm 20

Dag 1: **Psalm 1**

Wanneer jy tyd in God se Woord spandeer, kies jy om te STOP met alles anders waarmee jy besig is. Dis goed om dan na 'n stil plek in die huis of buite te gaan en lekker rustig te word. Lê of sit gemaklik en haal 'n paar keer lekker diep asem.

Daarsy, nou is jy gereed om te begin!




Hoekom dink jy is dit nodig dat jy gereeld uit jou Bybel lees?

1. As kind van God, het jy Heilige Gees as geskenk ontvang, daarom bly Hy nou in jou hart! Vra vir Heilige Gees om jou te lei terwyl jy met die Bybelstukkie besig gaan wees. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak, sodat Hy Sy lig van openbaring/verstaan in jou hart kan skyn soos jy werk met Sy Woord.

2. Soek **Psalm 1** in jou Bybel en lees dit rustig en hardop deur. Deur die Woord hardop te lees, help dit jou met die onthou daarvan. Hoe meer sintuie saamwerk om God se Woord te bestudeer, hoe beter lê jy Sy Woorde vas in jou hart.

3. Skryf nou 'n paar woorde vanuit Psalm 1 neer wat jou aandag trek.



4. Skryf 'n vers of twee neer wat met jou hart praat.

5. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in die Psalm nie? Skryf jou vraag hier onder neer (al het jy nog nie 'n antwoord nie).



6. Skryf die drie **werkwoorde** neer wat in **vers 1** genoem word, wat ons **waarsku hoe ons nie** met goddelose mense (mense wat God nie wil ken nie en Hom spot) **moet meng nie**.

7. Die skrywer van die Psalm sê dat hy **sy vreugde vind** (gelukkig is) in die Bybel (Woord van God). Die manier hoe hy dit regkry is iets wat hy heeldag en heelnag doen met God se Woord. Lees weer **vers 2** en skryf dit neer.

Wanneer ons die **Woorde van God** onthou en heeldag (en as jy nie kan slaap nie, in die nag ook) **deurdink**, maak dit ons harte rustig, vol vrede en gelukkig. God hou daarvan as ons gereeld aan Hom dink, want Hy dink sonder ophou aan ons! Lees **Psalm 139:17-18.**

8. In **vers 3** word jy as kind van God vergelyk met 'n boom. Teken hierdie vers - hoe jy as 'n boom sal lyk 😊. Jy kan byskrifte bysit vanuit **vers 3** se beskrywings (vrugte, blare, waterstroom). Teken ook **vers 4**.

| God se kind | Mense wat nie vir God kies nie<br>Goddeloos = sonder God |
| --- | --- |
| God ________ my op my pad (vers 6) | Goddeloses is soos _______ (vers 4) |

| | | | |
| --- | --- | --- | --- |
| **Bybelboek ontdekking** | **Esra** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

9. Sluit af deur vir God dankie te sê dat Hy net die mooiste dinge oor jou dink. Vra dan vir Heilige Gees om jou gereeld deur die dag aan Hom te herinner, sodat jy gereeld aan Sy Lewende Woorde en liefde sal dink.

Dag 2:

# Psalm 2

Gaan na 'n stil plekkie in die huis as dit te besig is rondom jou.
Lê of sit gemaklik. Dink daaraan dat jy by Jesus sit.
Op hierdie manier beoefen jy Sy teenwoordigheid.
Daarsy, nou is jy gereed om te begin!



Dink bietjie: wat sal jy die graagste wil besit?

1.Vra vir Heilige Gees om jou nou te lei terwyl jy met die Psalm besig gaan wees. Vra Hom om jou gedagtes aan te raak, sodat Hy Sy Waarheid in jou kan plaas.

2. Soek **Psalm 2** op in jou Bybel en lees dit rustig en aandagtig deur (lees dit hardop vir iemand in die huis as dit moontlik is).

3. Skryf nou 'n paar woorde neer vanuit die skrifgedeelte wat vir jou uitstaan.



4. Skryf 'n vers of twee neer wat met jou hart praat.

5. **Woordontleding**: weet jy wat die woord **ontsag** (**vers 11**) beteken? Jy kan sinonieme gee.

6. Hoekom dink jy waarsku **vers 11** jou dat jy God met **ontsag** moet dien?

7. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan in hierdie Psalm nie? Skryf jou vraag hier onder neer.

8. In **vers 7** vertel die Psalmskrywer dat God iets aangekondig het, wat is dit?

9. Hoe laat dit jou voel om te weet dat God **jou** ook **Sy eie seun/dogter noem?**

10. Gebruik die onderste boksie om die waarheid van **vers 7** neer te skryf sodat jy dit vir altyd kan onthou. Maak die vers op jouself van toepassing. Jy kan jou naam neerskryf en verklaar dat jy God se seun/dogter is. Verklaar ook dat God jou Pa (Vader) is. Versier jou letters of skryf dit in 'n mooi skrif met helder kleure. Jy kan dieselfde herhaal op 'n stukkie karton en dit dan plak bo jou bed, as boekmerkie gebruik of op jou spieël vassit sodat jy dit gereeld kan sien en onthou. Dit wat God van jou sê, is waar!



11. Kyk nou weer na die woorde in die blokkies. Skryf 'n kort gebed vir Jesus om vir Hom te vertel hoe die Skrif met jou hart praat. Probeer om 'n paar van die woorde in die blokkies in jou gebed te gebruik.



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **1 Timoteus** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

12. Sluit af deur weer die laaste sin van **Psalm 2** te lees. Hierdie sin sê dat *dit goed met jou sal gaan as jy by God 'wegkruip'* (skuil). Bid nou hierdie vers tot God. Vertel vir Hom dat jy elke dag graag baie naby aan Hom wil lewe.

Dag 3: **Psalm 3**

Tik die blokkies af: ❑ Ek sit/lê gemaklik
❑ Dit is stil rondom my

Jy kies nou om tyd in God se teenwoordigheid deur te bring daarom sit jy alles anders eers eenkant. Jesus het Sy alles (Sy hele lewe) vir jou gegee en jy wil nou 'n stukkie van jou tyd aan Hom gee.



Wie help jou gewoonlik die meeste en getrouste wanneer jy hulp benodig? Waarmee het jy die meeste hulp nodig?

1.Vra vir Heilige Gees om jou nou te lei terwyl jy Bybelstudie doen. Vertel vir Hom dat jy dit geniet wanneer Hy jou nuwe waarhede leer wat jy deel van jou lewe kan maak.

2. Lees **Psalm 3** in jou Bybel. Lees dit rustig deur. Dink aan elke sin wat jy lees en bou vir jouself 'n prentjie van dit wat Dawid hier vir God vertel terwyl hy weghardloop van sy seun Absalom (Absalom wou Dawid se koningskap oorneem).

3. Dawid het God geken en daarom **waarhede oor wie God is** en **hoe Hy optree** neergeskryf. Hy het dit gedoen sodat God se kinders dit vir altyd kan besef en onthou. Ons dien 'n liefdevolle Vader (Hemelse Pa) wat net goed is teenoor ons. Skryf die werkwoorde neer in die volgende verse om te kan sien hoe God optree teenoor sy kinders.

**God** (vers 4) ___________ **my,** (vers 5) __________________ **my,** (vers 6) __________________ **vir my.**



4. Skryf 'n sin of twee neer vanuit die Psalm wat met jou hart praat.

5. Is daar enige iets nuuts wat jy geleer het in die verse wat jy gelees het?

6. Partykeer kan mense leuens vertel oor God, omdat hulle Hom nie regtig goed ken nie (kyk in **vers 3**). **Hoe meer jy die Bybel lees, hoe beter sal jy God leer ken.** Dawid het nie omgegee wat sy vyande oor God jok nie. Hy het die waarheid geweet en dadelik dit verklaar (**vers 4**). **Dit gaan somtyds van jou vra om op te tree soos Dawid: om die Waarheid van wié God waarlik is, te noem, wanneer ander mense twyfel.** Teken jouself van bo af in die blokkie en dui aan hoe **God jou beskerm 'aan alle kante'** (**vers 4**). Glo jy dit?




7. Skryf 'n kort gebed vir God om vir Hom te vertel hoe die Skrif met jou hart praat. Dalk wil jy vir Hom dankie sê dat Hy jou altyd kan en wil help wanneer dit nodig is, omdat Hy (Sy teenwoordigheid) reeds reg rondom jou is!


| | | | |
|---|---|---|---|
| Bybelboek ontdekking | Sefanja | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

8. **Klein takie:** * jy kan **vers 4** in jou Bybel inkleur of onderstreep om dit vir altyd te onthou.

* skryf die vers wat vir jou mooi is op 'n stukkie papier en gee dit vandag nog vir iemand. Dit is kosbaar om God se Woord met ander te deel. Dalk gee jy die antwoord op die vraag in daardie persoon se hart!

Dag 4: # Psalm 4

Tik die blokkies af: ❑ Ek sit/lê gemaklik êrens in stilte: buite of in die huis.
❑ Ek kies nou om te fokus op God se nabyheid.
Maak jou oë vir 'n klein rukkie toe terwyl jy dink aan God. Dink oor die vraag...



Waar voel jy die veiligste in die wêreld?

1. Vra vir Heilige Gees om jou te help terwyl jy met die Psalm besig gaan wees. Vertel Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak sodat Hy Sy lig van waarheid daarin kan skyn.

2. Lees **Psalm 4** rustig deur. As jy alleen is en 'n selfoon het, kan jy jou opneem soos wat jy lees en dit weer terugspeel vir jouself om die woorde weer te hoor. Hoe meer sintuie betrokke is terwyl jy die Bybel lees, hoe makliker onthou jy die woorde! Die einddoel is om **God se Woord diep in jou hart te plant**, sodat Sy waarheid kan groei in jou lewe om vrug te dra.



3. Skryf 'n sin/ne neer wat vir jou uitstaan.

4. Skryf 'n paar woorde in die blokkies wat jou aandag trek vanuit die teksgedeelte.

5. Die laaste sin in **vers 4** noem 'n **waarheid oor God**. Kan jy dit raaksien en neerskryf ? Dalk wil jy dit in mooi groot letters of met verskillende kleure skryf.

6. Somtyds is dit waardevol om verskillende Bybelvertalings met mekaar te vergelyk sodat 'n vers beter verstaanbaar word. Lees weer **vers 5** in jou Bybel en dan die onderstaande twee Engelse vertalings.

| **Psalm 4:4 Int. Children's Bible** | **Psalm 4:4 The Passion Translation** |
| --- | --- |
| When you are angry, do not sin. | Tremble in awe before the Lord, |
| Think about these things quietly | and do not sin against him. |
| as you go to bed. | Be still upon your bed and search your heart before him. |




Hierdie vers leer jou om te onthou dat God almagtig is en dat **Hy jou hart én gedagtes raaksien**. Somtyds kan jy verkeerde of slegte gedagtes oor iemand of jouself dink, wat meeste van die tyd nie waar is nie. Hierdie vers herinner jou dat jy moet onthou dat God groot is en als van jou weet. Selfs dit wat jy vir ander mense wegsteek! **Dit is gewoonlik goed om aan die einde van die dag, oor jou optrede en gedagtes van die dag te dink.** Dalk was daar ván die gedagtes in jou hart wat nie mooi was nie. Dan is dit goed om **vir God onverskoning daarvoor te vra** en dit te laat staan. Hierdeur was Hy jou hart skoon deur Sy liefde vir en vergifnis teenoor jou.

7. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan vanuit die teksgedeelte nie?

8. Wat nuuts het jy geleer in die Psalm wat jy gelees het?

9. Skryf **vers 9** op 'n papiertjie en sit dit in jou bedkassie. Wanneer jy (of iemand wat jy ken) weer een aand sukkel om aan die slaap te raak, haal dit uit en bid dit vir jouself of die persoon. Wanneer jy die Bybel se woorde terugbid vir God kan dit 'n waardevolle manier van gebed wees.



Jou gebed kan iets wees soos:

Jesus (Vader), U Woord sê in Psalm 4:9 dat wanneer ek gaan lê om te slaap, ek dadelik rustig aan die slaap sal raak, omdat U alleen my altyd veilig beskerm. Ek vertrou dat U Woord waar is en dank U vir U liefde teenoor my. Amen.

# Dag 5: Psalm 5

Kies 'n stil plekkie in die huis. Sit gemaklik en maak jou oë vir 'n rukkie toe. Haal lekker diep asem en stel jou voor dat Jesus langs jou sit. Raak bewus van Sy teenwoordigheid en vrede om jou.

Hou jy daarvan as jy onverdeelde aandag by jou ouers kry? Vertel waarvan jy hou om saam met hulle te doen.



1. Wanneer jy na God se Woord draai om daaruit te lees, vra dit van jou om **sensitief te wees vir Heilige Gees se sagte stem**. Jy moet leer om byna "luisterend" te lees. Vra Heilige Gees nou om jou 'n groter sensitiwiteit (aanvoeling) vir die Woord van God te gee, sodat jy kan sien en hoor wat Hy jou daaruit wil leer.

2. Lees **Psalm 5** rustig deur. Dink oor elke vers soos jy dit lees. Stop vir 'n klein rukkie as jy voel jy wil langer dink oor iets wat met jou hart praat of waaroor jy wonder.

3. Skryf 'n sin of twee neer wat met jou hart praat of uitstaan.



4. Skryf die woord neer wat herhaal (dieselfde is) in **vers 2** en **4** wat Dawid vra God moet doen. ______________________

Hy vra ook vir God om asseblief tog _aandag_ aan hom te gee, want hy het vir God baie nodig!

Deur hierdie manier waarop Dawid met God praat, kan ons leer dat Dawid **vir God alles vertel het wat in sy hart aangaan**. Wanneer hy opgewonde was (**vers 12**), as hy bietjie wou kla oor ander (**vers 6&7**), wanneer hy God nodig gehad het of hulp wou vra (**vers 3**) en wanneer hy sommer net vir God wou prys oor hoe goed Hy is (**vers 13**).

**Net so kan jy met God oor alles in jou hart gesels.** Enige tyd, die hele tyd!


5. Skryf nou 'n paar woorde neer van dit en van wie, **waarvan God <u>nie</u> hou <u>nie</u>**. Kyk na **verse 5, 6 & 7**.

6. In **vers 4** het Dawid iets besef wat vandag nog waar is. Wanneer hy in die oggend op God gewag en tot Hom gebid het, het hy beleef dat God iets doen. Skryf die eerste vyf woorde van **vers 4** neer en bêre dit diep in jou hart.




7. Is daar enige iets nuuts wat jy vandag geleer uit die verse wat jy nie voorheen geweet het nie?

8. Dink nou oor **waarhede** waarvan jy vandag bewus geword het uit **Psalm 5**. Skryf 'n kort gebed vir Jesus om vir Hom te vertel hoe die Skrif met jou hart praat. Onthou, die lengte van ons gebed is nie belangrik nie, maar wat wel belangrik is, is dat jy **elke woord bedoel wat jy bid**.




| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **2 Petrus** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

Dag 6: **Psalm 6**

Tik die blokkies af: ❑ Ek kom tot stilstand met alles waarmee ek besig is
❑ Ek sit in 'n rustige, stil plek, weg van mense en geraas
❑ Maak jou oë toe en dink daaraan dat Heilige Gees in jou bly.

Wat maak jou somtyds hartseer?



1. Wanneer ons uit God se Woord gaan lees, is Heilige Gees die beste onderwyser om ons te leer. Hy leer jou wat God bedoel in Sy Woord en hoe jy dit kan deel maak van jou lewe. Vertel vir Heilige Gees dat jy nou jou hart en oor fyn wil instel vir Hom om met jou te praat soos wat jy met die Psalm besig gaan wees.

2. Lees **Psalm 6** rustig deur in jou Bybel. Jy kan dalk hardop vir iemand dit voorlees.

3. Skryf 'n sin of twee neer wat vir jou mooi is.

4. Skryf 'n paar woorde vanuit die Psalm wat vir jou uitstaan of jou oog vang.



5. In hierdie Psalm klink Dawid baie benoud, kom jy dit agter? Vanuit **vers 3** kan ons sien hoe hy God smeek om Hom gesond te maak. Hy voel ellendig en vertel dit alles vir God! Hy vertel vir God hoe hy voel; asof sy lyf uitmekaar val (**vers 3**!), dat hy baie moeg is (**vers4&7**) en dat hy sommer baie huil in hierdie tyd (**vers7&8**) - so baie trane, dat sy oë dof word van al die gehuil en dat sy bed papsopnat is! Die 1953 vertaling sê kompleet "elke nag laat ek my bed swem; ek deurweek my bed met trane"!

Dawid kon baie dramaties, maar tog **eerlik en opreg, sy hele hart voor God uitpak en vir God mooi beskryf hoe hy voel.** Onthou dat God belangstel in die toestand van jou hart, meer as in enige iets anders.

6. Is dit vir jou maklik om vir God in gebed presies te vertel hoe jy voel? Indien nie, wat maak dit vir jou moeilik?



---

7. In **vers 5** 'onthou' Dawid vir God (nou nie asof God kan vergeet nie, maar dalk onthou Dawid homself 😊), dat Hy 'n **getroue God** is (nog altyd in die verlede hom gehelp het). Wat beteken die woord **getrou** vir jou?

---

8. Wie in jou lewe sal jy sê is getrou om jou altyd te help as jy hulp benodig?

---

9. Skryf 'n kort gebed, om God te dank vir iets nuuts wat jy vandag van Hom geleer of net weer aan herinner is. Dank Hom vir Sy **getrouheid** – dat Hy altyd na jou sal luister en jou sal help as jy daarvoor vra.

---

---

---



| | | | |
|---|---|---|---|
| Bybelboek ontdekking | Amos | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

10. Sluit af deur in jou eie handskrif die volgende waarheid oor God te verklaar: God is getrou!

Dag 7: **Psalm 7**

Om uit jou Bybel Joernaal te werk moenie 'n daaglikse verpligting word nie. Wanneer jy 'n dag voel dat jy eerder op 'n ander plek in die Bybel wil lees soos wat Heilige Gees jou lei, moet jy eers aan Hom gehoorsaam wees. Om die Bybel stelselmatig (stuk vir stuk) te bestudeer het wel groot waarde, maar wanneer dit soos 'n wet word wat jy móét gehoorsaam en dit nie meer vreugde vir jou verskaf nie, moet jy weet iets is fout. Dalk wil Heilige Gees op 'n ander manier met jou gesels (bedien), deur byvoorbeeld na lekker energieke lofprysingsmusiek te luister en sommer te dans vir Hom! Somtyds kan net 'n vers uit die Woord vir ons ons "geestelike kos" wees vir die dag. Wat die belangrikste in 'n dag is, is dat ons gedurig aan God dink en nou en dan met Heilige Gees in ons gesels... so ontwikkel jy 'n kosbare verhouding met jou Hemelse Pa!

1. Vra vir Heilige Gees om jou te lei terwyl jy met die Woord besig gaan wees.

2. Lees **Psalm 7** rustig deur. Dink aandagtig oor elkeen van die verse soos jy lees. Dawid se lewe word bedreig deur sy vyande, nou hardloop hy weg vir hulle, maar Hy wil by God weet hoekom sy vyande hom so agtervolg?!

3. Skryf 'n sin/ne neer wat vir jou uitstaan.



4. Is daar enige iets waaroor jy wonder of 'n vraag wil vra wat jy nie verstaan vanuit die teksgedeelte nie? Skryf dit hier onder neer.

5. Lees **vers 4 tot 6** weer. Hier wonder Dawid wat hy verkeerd gedoen het (eintlik glo hy hy is onskuldig v.9). Hy vra vir God om hom te help, sodat hy kan weet wat die oorsaak van sy penarie is!

Het jy al iemand gehad wat vir jou kwaad was, maar jy het nie regtig geweet wat jy verkeerd gedoen of gesê het nie? ______________

Dit mag gebeur dat ons self somtyds nie weet wat in ons harte omgaan nie. Dalk dink jy hoogmoedige gedagtes of hou jy onvergifnis in jou hart teenoor iemand, maar jy kom dit nie eens agter nie. Dawid het geweet dat God sy hart beter ken as hy self, daarom het hy na God gedraai en vir God gevra om vir hom bietjie te laat weet wat hy miskyk in sy eie hart en optrede.

6. Verduidelik wat die woord "**regverdig**" vir jou beteken. Vertel wie jy as **regverdig** ervaar in jou vriende groep of familie. Hoekom is **regverdigheid** vir jou belangrik?

7. Die laaste sin van **vers 10** bevat 'n **waarheid oor God**. Skryf dit in 'n mooi groot skrif oor in die blokkie sodat jy dit kan sien en self kan verklaar.



8. Dalk was jy al onregverdig behandel, dit is baie sleg as dit gebeur! Vertel kortliks wat gebeur het.

Onthou altyd dat God wat jou hart se bedoelings en optrede raaksien, altyd die regte uitkoms sal gee. Lees weer **vers 18**. Hier sê Dawid dat God vir hom gehelp het en alles goed laat afloop het, omdat hy op God vertrou het en na Hom toe gedraai het in sy probleem. Nou wil Dawid sommer tot God se eer sing, omdat hy weet God is aan sy kant!



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **Lukas** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

9. Sluit af deur vir God dankie te sê dat Hy **regverdig** is in alles wat Hy doen.

Dag 8:

# Psalm 8

Gaan na 'n stil plekkie in die tuin of as jy in die huis sit, maak jou venster oop.
Maak jou oë vir 'n rukkie toe en luister na die natuurgeluide.
Maak weer jou oë oop en kyk buite rondom jou rond na die plante en wolke...
Word bewus van God en Sy wonderlike skepping,

Wat is die grootste ding wat jy al gesien het? En die kleinste?



grootste


kleinste

1. Vra vir Heilige Gees om jou by te staan wanneer jy tyd in die Woord spandeer. Maak jou hart vir Hom oop, sodat Hy vir jou hierdie mooi Psalm kan verduidelik.

2. Lees **Psalm 8** rustig en met aandag hardop. In hierdie Psalm word **God geloof vir Sy wonderlike skepping** wat Hy gemaak het. Lees stadig en dink aan elke vers soos wat Dawid dit neergeskryf het. Dit is eintlik die woorde van 'n liedjie, het jy dit geweet? (kyk na **vers1**)

3. Skryf 'n paar woorde neer vanuit die Psalm wat vir jou mooi is of uitstaan.

Kyk of jy sinonieme (woorde met dieselfde betekenis) bo elke blokkie kan skryf om hierdeur die Skrif vir jou beter verstaanbaar te maak soos wat jy daarmee werk.





4. Skryf 'n sin/vers of twee neer wat met jou hart praat.

5. Skryf nou neer as daar iets is waaroor jy wonder of 'n vraag oor het.

6. Sal jy daarvan hou om 'n groot besigheid te besit en die bestuurder daarvan te wees? Dalk 'n dierewinkel of 'n bou besigheid? Dalk wil jy eendag jou eie plaas besit en dit bestuur en self ook boer? Om 'n besigheid te besit, vra dat jy 'n **verantwoordelike en** 'n **betroubare** persoon moet wees, sodat jy die mense wat vir jou werk en met wie jy besigheid doen, regverdig en met liefde sal behandel. Tog het God al aan die begin van die skepping, sy kinders gemaak en aangestel om die skepping te "bestuur" (daaroor te heers).


Lees **Genesis 1:27-28.** Hier sien ons dat God die mens aangestel het om Hom te **verteenwoordig** (soos Hy te wees/op te tree) in die skepping.



**Psalm 8:7** bevestig dit ook. As jy hieroor dink, dink jy, jy tree so op? Dat jy met liefde, omgee, verantwoordelikheid en getrou na God se Skepping, (jou troeteldiere en jou potplantjes/groentetuin/jou kamer) omsien?

7. Teken iets in God se Skepping waarvoor jy baie lief is.





| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **Prediker** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

8. Sluit af deur vir Heilige Gees te vra om jou te help om te onthou dat **jy aangestel is deur God om te heers oor Sy Skepping**.

Dag 9: **Psalm 9**

Tik die blokkies af: ❑ Ek sit of lê gemaklik in 'n stil plek
❑ Ek kies nou om alles te los en eers my fokus na God toe te draai.
Daarsy, nou is jy gereed om te begin!

Waarvan hou jy om met jou <u>hele hart</u> te doen?



1.Vertel vir Heilige Gees dat jy nou bewus wil word van Sy teenwoordigheid en liefde. Vra Hom om jou te lei soos jy deur die Psalm lees.

2. Soek **Psalm 9** op in jou Bybel en lees dit rustig deur. Maak 'n klein merkie wanneer 'n vers vir jou uitstaan of mooi is soos jy lees.

3. Skryf die verse neer wat vir jou mooi is.



4. Uit **vers 5 en 8** kan ons sien dat **God 'n Koning** is (die enigste koning)! Daar is 'n woord wat beskryf <u>waar</u> NET 'n koning homself bevind (sit), kan jy dit raaksien? Skryf dit in die sirkel:

5. Wanneer jy moet wegkruip vir iemand of iets wat jou jaag, waar sal jy die lekkerste plek kry om weg te kruip (in julle huis of dalk buite die huis)?

---

Gewoonlik soek mens die veiligste plek as 'n wegkruipplek… veral teen gevaar!

6. Dawid het geweet waar hy kon gaan **skuil of wegkruip wanneer hy in gevaar of nood was**. Kyk na **vers 10-11** en skryf neer 'wie' sy wegkruipplek was en hoekom hy hierdie persoon gekies het bo alle ander opsies in sy lewe.

---

Het dit al ooit gebeur dat iemand jou in die steek gelaat het? Iets belowe het en toe nie gedoen het nie? Dis gewoonlik 'n groot teleurstelling, veral as jy baie daarna uitgesien het. Hierteenoor sal God ons **nooit** in die steek laat as ons Hom vra vir hulp nie –

Hy is **betroubaar**. Dis wie Hy is. Hy kan nooit verander nie.



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **Hebreërs** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

7. Lees nou **Hebreërs 13:8** en **Maleagi 3:6.**



Wat sê dit vir jou van **hoe God/Jesus is**?

---

8. Wat het jy nuut geleer vanuit die verse wat jy gelees het?


---

9. Skryf of verklaar in die blok 'n nota oor die belangtikste waarheid wat jy vandag geleer het, wat jy vir altyd wil onthou.

Dag 10: # Psalm 10

Gaan na 'n stil plekkie binne of buite die huis.
Sit gemaklik en maak jou oë vir 'n rukkie toe.
Haal lekker diep asem en stel jou in op Heilige Gees se liefdevolle teenwoordigheid.

## Watter optrede van mense maak jou kwaad/ontstel jou?



1. Vra vir Heilige Gees om jou nou te lei terwyl jy stilword om tyd met die Woord te spandeer. Maak jou hart vir Hom wyd oop, sodat Hy Sy lig in jou hart kan skyn soos jy met Sy Woord besig gaan wees.

2. Lees **Psalm 10:1 – 11** rustig en hardop deur. Dink oor elke vers. Hier is 'n paar beskrywings van **wat goddelose mense** (mense sonder God) **doen** en **hoe hulle dink of sal optree**. Soos jy lees, stop en skryf in jou eie woorde vyf verskillende optredes van hulle neer - soos die Psalmskrywer dit noem.

1. ______________________________
2. ______________________________
3. ______________________________
4. ______________________________
5. ______________________________



3. Lees nou **Psalm 10:12-15** hardop. Hier wil die skrywer opkom vir die hulpelose mense wat verdruk word deur die goddeloses wat verkeerd optree en wat kies om sonder God te lewe.

Het jy al opgekom/ ingetree vir iemand anders wat verkeerd behandel was of dink jy dis beter om liewer stil te bly en weg te kyk (te maak of jy nie ander se lyding raaksien nie)? ______________________________

4. Lees **Psalm 10:16-18** hardop en skryf dan drie dinge neer **wat God doen vir iemand wat onregverdig behandel** is/was.

1. ______________________________________________________________

2. ______________________________________________________________

3. ______________________________________________________________

Lees nou weer deur dit wat jy geskryf het. God is so liefdevol dat hy net die beste vir sy kinders wil hê (byna soos jou pa en ma)!

Dit beteken nie dat ons dit net altyd maklik in die lewe sal hê nie…



| Bybelboek ontdekking | **Johannes** | Ou Testament | |
|---|---|---|---|
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

5. Lees **Johannes 16:33.** Jesus het dit al reeds vir ons vertel toe Hy op die aarde was. Ons sal moeilke tye deurmaak in ons lewe, maar as ons **Hom deelmaak van ons lewe en ken in ons planne** (God vertel wat ons doen en wil doen in gebed), dan sal Hy ons gebede verhoor, ons nuwe moed gee en ons deur die moelikheid help, sodat ons nie langer bang of bekommerd hoef te wees nie.

6. Lees **vers 4** weer en skryf neer hoe die mens wat los van God lewe, God uitsluit van sy lewe.

______________________________________________________________

7. Skryf 'n kort gebed vir God en vertel Hom dat jy **Hom wil deelmaak van al jou planne**. Sê vir Hom dankie dat Hy jou getrou met liefde wil help en altyd vir jou sal opkom in moeilike omstandighede.



______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

Dag 11: **Psalm 11**

Het jy geweet dat om gereeld stil te word en God se Woord te bestudeer, jou rustiger maak? Dit leer jou ook meer van jou eie en God se hart. Wanneer jy Heilige Gees vra om Sy lig van openbaring (verstaan) in jou hart te skyn soos wat jy lees, maak dit die Woorde van die Bybel vir jou lewend en toepaslik op jou eie omstandighede.

- ❑ Ek sit of lê gemaklik in 'n stil plek, 'n entjie weg van mense se gesels.
- ❑ Raak bewus van God se teenwoordigheid om jou.


Hou jy daarvan om getoets te word of eksamen te skryf/dans/doen? Hoekom dink jy is dit nodig om getoets te word?



1. Vertel vir Heilige Gees dat jy nou jou hart vir Hom oopmaak, sodat Hy geheime vir jou kan vertel soos jy met die Lewende Woord besig gaan word.

2. Opsoek en leeswerk: **Psalm 11**. Lees die sewe verse aandagtig en hardop deur.

3. Beskryf in jou eie woorde **waar God is** en **wat Hy daar doen** (**vers 4**).



God is ______________________________

God ______________________________

Hier vertel Dawid vir ons dat God na almal op aarde kyk, hy hou ons dop om te kyk wat ons alles aanvang! Soek **2 Kronieke 16:9a** en lees dit. Hierdie is 'n baie mooi vers om te onthou of te merk in jou Bybel. Dink bietjie daaroor…

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **2 Kronieke** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

4. Hoe laat dit jou voel om te weet jou ouers of 'n volwassene is naby, sodat as iets onverwags met jou gebeur, jy hulle kan roep om jou te help?

Die Woord leer ons, dat God ook heeltyd "Sy oog oor ons hou". **Dit beteken dat Hy heeltyd van jou bewus is en dadelik vir jou sal kan help as jy Hom aanroep!** Dit laat jou veilig en beskermd voel in alle omstandighede. Selfs wanneer jou ouers nie eens naby is nie, is **God altyd naby jou**. Glo jy dit?

5. Dink bietjie: Waarvan hou jy niks nie? ______________________________

In **vers 5** lees ons van iets wat mense doen, waarvan God niks hou nie (wat Hy haat!). Wat is dit? Skryf sinonieme vir die woord op die lyn.

**God haat mense wat hou van (lief is vir) __________________.**

6. In **vers 7** lees ons van mense waarvoor God lief is. Voltooi die sin. Skryf sinonieme vir die woord op die lyne.

**God is lief vir mense wat ______________ en ______________ is.**

Om **opreg** te wees beteken dat jy dit doen wat jy sê jy doen, vanuit 'n eerlike hart wat eg en betroubaar is. Om **regverdig** te wees, beteken dat jy die regte ding doen, volgens God se liefde en raad of toelaat dat dit gebeur.

Hoe tree God op teenoor die mense wat Hy liefhet? (**v7**) ____________________

7. Is daar enige iets nuuts wat jy geleer het uit vandag se Psalm?




8. Sluit af deur vir God dankie te sê dat Hy konstant Sy oog oor jou hou!

Dag 12: # Psalm 12

d Dit is stil rondom my…
d Ek sit of lê lekker gemaklik.

Wat is die mooiste woorde wat iemand al vir jou gesê het?



1. Vra vir Heilige Gees om jou nou te help, om met 'n gevoelige hart **Psalm 12** te lees. Vertel vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak, sodat Hy nuwe waarhede vir jou kan uitwys wat Hy in Sy Woord bewaar.

2. Lees stadig en aandagtig **Psalm 12** hardop vir iemand in die huis of vir jouself. Om hardop die Bybel te lees help jou gedagtes om beter aandag te gee aan die inhoud. Dit gebeur wanneer jy die woorde sien, self lees en terselfdertyd ook daarna luister.

3. Dawid is bekommerd oor al die mense om hom wat so sonder God lewe. Hy kom agter aan hulle **manier van praat en optrede** dat hulle nie regtig vir God ken en liefhet nie (goddeloses).

Noem 'n paar dinge wat Dawid raaksien wat goddelose mense doen:





**Vers 3** ____________________ **vers 3** ________________________

**Vers 4** ____________________ **vers 4** ________________________

**Vers 9** ____________________

Al lewe mense om jou soos jy hier bo geskryf het, beteken dit nie jy saam met hulle so moet praat of optree nie. God se liefde leer ons om anders as die wêreld te lewe.



| Bybelboek ontdekking | **Romeine** | Ou Testament | |
|---|---|---|---|
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

4. Lees **Romeine 12:2.** Skryf nou in jou eie woorde wat hierdie vers vir jou sê.

Die geheim lê by hoe jy **dink** oor die lewe. Wanneer jy 'n kind van God is, en jy toelaat dat Sy Gees jou hart en denke (gedagtes) aanraak, verander Hy jou sodat jy soos God begin dink en in liefde begin optree.

5. **Vers 7** bevat 'n kosbare **waarheid oor die Woorde wat uit God se mond** kom. Skryf die vers hieronder oor. Jy kan dit ook op 'n papiertjie oorskryf en dit êrens teen jou spieël plak (of vir ouma gee), sodat jy dit gereeld kan sien en die waarheid daarvan diep in jou hart kan ontkiem.



**Psalm 12:7**

6. Is daar enige iets waaroor jy wonder nadat jy **Psalm 12** gelees het?

7. Het jy enige iets nuuts geleer vandag? Wat staan vir jou vandag uit?

8. Sluit af deur weer **vers 8** te lees en dit te verander in 'n kort gebedjie.

Dis 'n kosbare manier van gebed om die verse van die Bybel somtyds in 'n gebed te verander, sodat dit op jouself van toepassing kan wees.

Dag 13: **Psalm 13**

Tik die blokkies af: ❑ Ek sit/lê gemaklik
❑ Dit is stil rondom my

Maak jou oë toe en verbeel jou dat Jesus reg langs jou sit...wat sou jy vir Hom vra...?

Het iemand al van jou vergeet? Hoe het jy gevoel?



1. Vra vir Heilige Gees dat Hy jou denke (jou manier van dink) sal verlig, sodat jy nuwe moontlikhede van lewe volgens God se wil, vir jou lewe sal kan raaksien.

2. Lees **Psalm 13** hardop deur. Dis net ses verse. Wanneer jy wil stop en eers nadink oor 'n sin, doen dit. Op hierdie manier gee jy vir Heilige Gees kans om waarhede vir jou uit te wys. Dis hoe mens 'wag op God' - jy gee Hom kans om die Woord vir jou te verduidelik. Partykeer wil ons te vinnig die Bybel lees. Wees rustig. Onthou: jy kies nou om hierdie tyd aan God te bestee.

3. Sjoe, Dawid kon darem bitter baie vrae vir God vra! Lees die bondel vrae in **verse 2&3** weer. Vra jy ook vir jou ouers vrae as jy nie iets verstaan nie? Natuurlik, dis hoe jy 'n goeie antwoord kan kry op al die onsekerheid in jou hart.

Dit het vir Dawid gevoel of hy vergeet word deur God (**vers 2** begin).

Dink jy God kan jou ooit vergeet? _______________

Lees **Jesaja 49:15-16** en teken die waarheid daarvan in die blokkie (**v.16**).

4. Verbeel jou jy is in 'n bootjie op die see. Daar steek 'n storm op en dit begin hard reën. Die wind is koud en waai sterk. Met die hele gewoel, val 'n paar mense in die water - jy is een van hulle! Elkeen in die water roep vir hulp, want nie almal kan swem nie. Gelukkig is daar nog mense oor op die boot. Hulle gooi toue in die water vir dié wat ingeval het om daaraan vas te hou. Hoe laat dit jou voel wanneer jy die tou uiteindelik vasgryp met altwee hande?


5. Dawid het iets hiervan beleef toe hy na God geroep het in sy benoudheid en God hom uitkoms (verligting) gegee het. Lees weer **vers 6** en skryf neer wat die naam was van Dawid se 'tou' waaraan hy vasgehou het in sy nood.

6. Nadat God vir Dawid gered en gehelp het, het hy gevoel hy wil iets doen. Wat was dit? (**v.6** einde)

**Lofprysing** is 'n manier om vir God dankie te sê vir hoe goed en liefdevol Hy elke keer teenoor ons optree. Dink net hoe lekker dit vir jou is as jy 'n takie verrig het en jou ouers of iemand gee vir jou 'n kompliment of bedank jou daarvoor. Dis presies dieselfde wanneer jy vir God dankie sê vir Sy getroue hulp teenoor jou.

7. Watse deel van vandag se les wil jy vir ewig in jou hart bêre?





| **Bybelboek ontdekking** | **Josua** | Ou Testament | |
|---|---|---|---|
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

8. Sluit af deur vir God dankie te sê dat jy vir Hom enige iets kan vra. Sê ook vir Hom dankie dat Hy getrou is en dat jou naam in Sy Hand se Palm gegraveer is!

Dag 14: **Psalm 14**

Wanneer jy tyd in God se Woord deurbring, kies jy om te stop met alles anders waarmee jy besig is. Word rustig en kyk dat dit stil is waar jy sit.
Lê of sit gemaklik en haal jou Bybel en skryfbehoeftes uit.
Daarsy, nou is jy gereed om te begin!

In watter sport dink jy, is jy nogal goed?



Dalk is jy goed in 'n ander aktiwiteit, noem dit hier.

1. Heilige Gees is vir ons deur Jesus gegee om ons te leer en te lei. Hy kan ons help in tye as ons self nie iets verstaan of weet nie. Vra Hom nou om jou te lei terwyl jy met die Psalm besig gaan wees. Wanneer jy jou hart vir Hom oopmaak, kan Hy Sy lig van Waarheid en Wysheid in jou hart skyn, sodat jy die Woord beter kan verstaan – Hy doen 'n wonderwerk in jou hart terwyl jy lees!

2. Soek **Psalm 14** en lees dit lekker rustig en hardop deur.

3.Die Bybel beskryf **'n mens wat kies om sonder God te lewe en Hom nie liefhet nie, as 'n goddelose**. Vandag se Psalm beskryf mense wat ook nie vir God kies nie, met 'n ander woord. Kyk weer na **vers 1** en skryf die woord neer.

__________ Wat dink hierdie mense? ____________________

4. As jy deel is van 'n span en julle moet tou-trek, watter tipe maats sal jy kies om deel van jou span te wees as jy hulle kon uitkies?



Dis lekker om te weet jy het 'n klomp sterk spelers aan jou kant, want dit sal help dat jy in die wenspan kan wees. En almal hou daarvan om te wen!

5. Lees weer **vers 5** se laaste sin en **vers 6**. Som dit op in jou eie woorde deur neer te skryf wat dit vir jou beteken.   (Wie wil jy altyd aan jou kant hê?)

6. Lees weer **vers 2**. Wat staan vir jou uit in hierdie vers?



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **3 Johannes** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

7. Skryf 'n kort gebed vir God om vir Hom te vertel wat jy vandag nuut geleer het uit **Psalm 14**. Onthou dat 'n gebed waarvan jy elke woord bedoel, 'n kosbare gebed vir God is. Glo ook dat dit wat jy noem, reeds gaan gebeur soos jy dit van God dit vra – dit is om gelowig te bid.



8. **Tyd vir refleksie.**

Dit is goed om partykeer terug te dink aan wat jy al geleer het. Om vorige waarhede wat jou hart aangeraak het, te gaan herbesoek. Hersiening help ook om ons geheue te versterk.

Wanneer jy die Bybelstories wat jy al uit jou kop ken, weer deurlees, herinner jy jouself aan wie God is, wat Hy kan doen en hoe Hy werk met Sy kinders. Dit versterk jou geloof in Hom. Heilige Gees is die een wat elke keer nuwe lewe aan die reeds bekende Bybelstories gee. Is dit nie wonderlik nie! **Daarom kan ons nie die Bybel sonder Heilige Gees se hulp lees nie.**

Neem nou 'n paar minute om terug te blaai deur dag 1 tot 7. Kyk en lees net dit deur wat jy geskryf en geteken het. Hierdie is jóu joernaal, 'n neerpen van hoe God met jóu hart praat soos jy Sy Woord bestudeer.

# Dag 15: Psalm 15

Sit gemaklik op 'n stil plek en ontspan lekker.
Maak jou oë toe en dink aan (fokus op) Jesus se teenwoordigheid by jou.
Wanneer jy in Sy teenwoordigheid is, kan jy Hom vertrou met alles in jou lewe.
Bangwees en bekommernisse smelt weg in Jesus se teenwoordigheid!

## Watter karaktereienskappe van mense is vir jou mooi?



1. Onthou om vir Heilige Gees te vra om jou te lei en leer soos wat jy met die Woord besig gaan raak.

2. Lees **Psalm 15** rustig deur. Dink aandagtig oor elkeen van die verse soos jy lees.

3. Daagliks moet jy 'n hele klomp keuses maak. Skryf twee keuses neer wat jy vandag al moes maak:



4. Dawid beskryf in hierdie Psalm die karaktereienskappe en optrede van mense wat **kies** om **naby aan God te lewe**. Skryf 'n paar van hierdie optredes neer in die tabel hieronder.

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

5. Kom ons vergelyk 'n ander vertaling om te kyk of dit van hierdie karaktereienskappe vir ons beter kan verduidelik. International Children's Bible

**Psalms 15: 2-5** **What God Demands**

2Only a person who is innocent

and who does what is right.

He must speak the truth from his heart.

3He must not tell lies about others.

He must do no wrong to his neighbors.

He must not gossip.

4He must not respect hateful people.

He must honor those who honor the Lord.

He must keep his promises to his neighbor,

even when it hurts.

5He must not charge interest on money he lends.

And he must not take money to hurt innocent people.

Whoever does all these things will never be destroyed.

6. Trek sirkels of onderstreep die woorde in helder kleure, wat vir jou uitstaan of wat jy wil onthou. Trek pyltjies na van die sinne wat met jou hart praat en skryf dan langsaan wat jy MOET doen bv. ek moet meer doen wat reg is (**V.2**), ek mag nie leuns vertel nie (**v.3**), ek moenie skinder nie (**v.3**) ens.

7. Watter **lewensaanpassing** sal jy moet maak (hoe moet jy dalk anders begin optree) om te verander soos hierdie Psalm noem?

| Bybelboek ontdekking | Eksodus | Ou Testament | |
|---|---|---|---|
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

8. Sluit af deur vir God dankie te sê dat Hy jou kies om Sy kind te wees. **God kies alle mense om Sy kinders te wees, maar nie almal kies vir God nie!** Vertel vir God dat jy Hom ook kies en graag wil lewe volgens Jesus se voorbeeld.

# Dag 16: Psalm 16

Onthou dat hierdie Bybel Joernaal nie vir jou soos 'n WET moet word, wat jy elke dag MOET doen nie. Nee, partykeer wil Heilige Gees jou die Woord laat geniet op 'n ander manier. Dan kan jy 'n Bybelstorie op die internet kyk of lekker lofprysingsmusiek speel en daarop dans vir God. Onthou dat God wil hê dat ons die tyd wat ons aan Hom spandeer ook moet geniet! Hy is vir jou eindeloos lief en binne-in die leiding van God se Gees, is daar vryheid. Stel jou in, om elke dag deur Heilige Gees gelei te word oor hoe Hy wil, dat jy jou tyd met Hom spandeer... dan sal jou stiltetyd vol vreugde en vrug wees!



Aan wie dink jy, behoort jy?

1. Vat 'n klein rukkie en vra vir Heilige Gees om jou te lei en leer terwyl jy met Psalm 16 besig gaan wees. Vra Hom om jou iets nuuts te leer, wat jy voorheen nie geweet het nie!

2. Lees **Psalm 16** hardop en rustig met aandag deur. Dalk wil jy vir jou sussie, ouma of huishulp hierdie mooi Psalm voorlees.

3. Noem twee goed wat net aan jou **behoort**, (wat jy gekry het of met jou eie spaargeld vir jou gekoop het): ______________ ______________

Lees nou **vers 2** weer en kyk wat Dawid hier sê. Hy sê **hy behoort aan God**!

Verklaar nou in die blokkie dat jy (skryf jou naam) ook behoort aan God.

STOP en dink hieroor. **As jy aan God behoort, is jy God se eiendom**. Dit beteken dat Hy jou sal versorg, oppas en help. Pas jy jou eiendom mooi op? ______________ Hoe laat dit jou voel om te weet dat **jy aan God behoort**?

______________________________________________

4. Lees weer **vers 8** in jou Bybel en dan hierdie vertaling uit The Passion Translation. Teken dan hoe **God reg rondom jou is** in die oop blokkie.

**Psalm 16:8 TPT**


8 Because you are close to me and always available, my confidence will never be shaken, for **I experience your wraparound presence every moment.**

5. Skryf 'n vers(e) neer wat jou oog gevang het/vir jou mooi is vanuit Psalm 16.

6. Is daar iets waaroor jy wonder of 'n vraag het, wat jy nie verstaan nie?

7. Lees **vers 5** en skryf dit op 'n karton / kaartjie of stukkie papier. Jy kan nou hierdie vers vir iemand gee om hom/haar te herinner daaraan dat God vir ons sorg en dat alles wat ons het, reeds van Hom af kom. Deur die Woord van God met ander mense te deel, maak van jou 'n getuie van God!

Psalm 16:5





| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **Jakobus** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

8. Sluit af deur vir God te dank vir alles wat jy besit!

Dag 17: **Psalm 17**

Kies 'n stil plekkie in die huis. Sit gemaklik en maak jou oë vir 'n rukkie toe. Haal lekker diep asem en raak bewus van Heilige Gees se teenwoordigheid in jou. Jy kan hierdie oefening van rustig word en om op God te fokus, enige tyd van die dag beoefen. Daar lê 'n kosbare leefwyse vir jou voor wanneer jy gereeld deur die dag aan God begin dink en bietjie vir bietjie met Hom begin gesels waar jy ook al is. Vertel Hom hoe mooi die wolke is as jy buite rondloop. Vra Hom hoekom die kat so baie slaap deur die dag? Sê vir hom dankie wanneer jou bene jou vinnig laat hardloop in die pad af!

Klein geselsies met Heilige Gees bou 'n verhouding met Hom, wat kan groei tot 'n kosbare vriendskap tussen jou en jou Hemelse Pa.



Het daar al 'n muggie in jou oog gevlieg of iets in jou oog ingewaai? Hoe voel dit vir jou en wat help om dit beter te laat word?



1. Vra vir Heilige Gees om jou by te staan terwyl jy stilword om tyd met die Woord te spandeer. Maak jou hart vir Hom oop, sodat Hy Sy lig van Waarheid in jou hart kan skyn sodat jy Sy woorde deel van jou lewe kan maak.

2. Lees eers net **Psalm 17: 1-9**.

3. Beskryf twee plekke waar Dawid vir God vertel hy wil wegkruip of 'n manier van beskerming soek (**vers 8**).

4. Lees nou ook **Deuteronomium 32:10-12.** Op watter ander wyse word God se liefdevolle manier van sorg vir Sy kinders hier verduidelik?

5. **Matteus 23:37** stel nóg 'n mooi voorstelling van hoe besorg God oor ons is. Vertel hiervan.

6. Teken nou enige van die vier voorstellings wat jy hierbo genoem het, van **hoe God jou beskerm**, hieronder. Gebruik byskrifte om jou & God aan te dui.

Bybelvers: _______________

Dawid word gesoek deur sy vyande, maar hy het nie regtig iets verkeerds aan hulle gedoen nie – amper soos om geboelie te word deur iemand, aan wie jy regtig niks skade gedoen het nie. Was jy al deur iemand geboelie? Dis vreeslik sleg en onregverdig. Maar kom ons leer uit Dawid se voorbeeld...

7. Lees verder **Psalm 17:10-15** en luister hoe Dawid **bid** vir sy vyande (boelies).

Dawid weet in sy hart dat die boelies nie reg optree nie, daarom vra hy vir God om hom te help. Wanneer dit net jy en jou boelie is, kan dit 'n bewerige situasie afgee, maar onthou dat die God wat die heelal geskep het, **in jou hart bly** en dat **Hy jou dadelik hoor** as jy in jou hart tot Hom roep – soos Dawid hier.

8. Lees **Matteus 5:44&45.** Wat leer Jesus jou om te **doen vir dié wat die lewe vir jou moeilik maak (vyande)**? Skryf die persoon se naam op die lyntjie wat vir jou op die oomblik die lewe moeilik maak. Sal jy gehoorsaam kan wees en dit doen?

**Ek moet ____________ vir ________________.**



| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **Spreuke** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |



9. **Tyd vir refleksie.**

Neem nou 'n paar minute om te blaai deur dag 8 tot 14. Kyk en lees net dít wat jy neergeskryf en geteken het. Hierdie is jóu joernaal, 'n neerpen van hoe God met jóu hart praat soos jy Sy Woord bestudeer.

# Dag 18: Psalm 18

As jy kan, kan jy vandag vir jou rustige geestelike musiek opsit. Speel 'n lofprysingslied waarvoor jy lief is en sing saam of dans daarop.
Geestelike lof- en aanbiddingsmusiek is een van die kosbaarste sleutels om jou in God se teenwoordigheid te bring en Sy nabyheid te laat beleef.

Het jy al agtergekom dat jy meer wil sing as jy gelukkig is?

Watter liedjie is jou gunsteling op die oomblik?



1. Maak jou hart vir Heilige Gees oop in 'n kort gebed, sodat Hy Sy lig van Waarheid in jou hart kan skyn soos wat jy nou Psalm 18 gaan lees.

2. Hierdie Psalm is baie lank! Wanneer jy later deur die dag tyd het, kan jy die hele Psalm deurlees – dis regtig baie mooi en beskrywend. Dawid het hierdie Psalm (wat eintlik 'n liedjie se woorde is) geskryf nadat hy sy vyande oorwin het. Hy was so bly dat God hom gehelp het, dat sy dankbaarheid uitgespoel het in die skryf van hierdie Psalm (lied).

3. Lees **Psalm 18:2-7** en skryf neer wat vir jou uitstaan in hierdie verse.

4. In **verse 8-16** beskryf Dawid hoe God afgekom het uit die Hemel om hom te help in sy nood.

5. Lees **verse 17-25.** Hier beskryf Dawid hoe God hom gehelp het en waarom.



Waarmee het God vir Dawid gered? ______ **(v.17)**

Hoekom het God vir Dawid gered? ______ **(v.20)**

______ **(v.24)**

6. Lees **verse 29-32** aandagtig deur en dink oor elke sin. Teken die waarheid wat vir jou uitsaan van enige vers in hierdie gedeelte met byskrifte.



Skrifgedeelte: ____________

7. Lees **verse 33-35.** Dawid vertel hoe God hom leer oorlog maak het.

8. In **verse 36-46** vertel Dawid verder hoe hy geveg het – jy kan dit later deurlees as jy wil, dis baie mooi geskryf.

9. Lees verse **47 tot 51.** Nou kan Dawid nie anders as om te wil sing oor hoe gelukkig hy is nadat hy gewen het nie! Hy dink nie dis omdat hy so 'n goeie vegter was dat hy gewen het nie, nee, Dawid wéét waar sy krag en hulp vandaan gekom het. **Hy het die hele tyd vir God gevra om hom te help en het vas vertrou dat God dit sou doen.** Nou het hy gewen en hy vergeet nie dat dit met God se hulp was nie.



Dis somtyds maklik om te vergeet om vir iemand dankie te sê as hulle jou gehelp het. Tog weet ons dis mooi maniere om dankie te sê. Dis mos ook lekker as jy iemand te hulp kom en daardie persoon waardeer jou hulp en bedank jou opreg. Daarom moet ons onthou om soos Dawid, **altyd vir God ook dankie te sê** vir hoe Hy in liefde ons help deur moeilike tye.

10. Skryf 'n kort gebed vir God om vir Hom dankie te sê vir iets wat in jou hart opkom. Dalk het Hy jou al gehelp toe jy Hom gevra het. Moontlik het jy vergeet om aan Hom die eer daarvoor te gee. Doen dit dan nou soos Dawid.

Dag 19:

# Psalm 19

Om jou gedagtes gedurig deur die dag na Heilige Gees te draai en bietjie aan Hom te dink en met Hom te gesels, kan 'n kosbare leefwyse vorm. Deur Heilige Gees deel van jou dag te maak (en nag as jy nie kan slaap nie), kan jy jou verhouding met Hom bou. Dis soos om 'n 'Maat' te hê wat heeltyd by jou is – sal jy darem so af en toe met jou maat gesels of gaan jy jou maat heeltyd ignoreer? Dink daaraan dat die Gees van God, 'n present is wat God vir jou gegee het die dag toe jy Jesus gekies het. Jy kan net so wel Hom beter leer ken, deur met Hom te begin kommunikeer. Op hierdie manier sal jy innerlike vrede ervaar, wat net God vir jou kan gee. Wanneer iets dan opduik wat jou ontstel of bekommerd maak, kan jy in jou hart net na Heilige Gees draai en Sy hulp vra. Hy is altyd beskikbaar, getrou en in jou!


Sal jy graag eerder 'n ruimtereisiger of 'n skrywer wil wees?



1.Vra vir Heilige Gees om jou nou te lei terwyl jy met die Bybelstukkie besig gaan wees. Maak jou hart oop om Sy Liefde te ervaar soos wat jy deur hierdie mooi Psalm gaan lees.

2. **Psalm 19** kan in twee dele verdeel word. Voltooi eers die linker- en dan die regterkant. Kies jou gunsteling vers in die gedeelte en skryf dit in die blok.

| God se storie in die Hemele | God se storie in die Woord |
|---|---|
| Lees: **Psalm 19: 1-7** | Lees: **Psalm 19: 8-12** |
| | |



3.**Vers 8** sê dat die **Woord van God** (die Bybel) **volmaak is**. Watse sinonieme kan jy gee vir 'volmaak' wat ook die Lewende Woord van God beskryf?

_______________ _______________ _______________

Verbeel jou jy grawe 'n gat in die tuin met 'n graaf. Soos wat jy dieper grawe en meer grond eenkant gooi, kap jou graaf se punt teen iets in die onderste laag grond. Nou is jy nuuskierig en begin sommer met jou hande die grond wegkrap! Dit wat jy sien laat jou hart vinnig klop - jy het afgekom op 'n ou kis wat al jare in die grond weggesteek is - jy't op 'n skat afgekom!! Die eerste ding waaroor jy nou wonder, is wat binne-in kan wees...?!

4. Lees **Matteus 13:44**

Die Bybel is soos 'n waardevolle skatkis. Die woorde, verse, bevele en beskrywings van God vir die mens, is betroubaar, gee vir ons wysheid en help ons om reg te lewe voor God. Dis soos God se 'instrukie-blad' vir ons lewe.

5. Lees **Psalm 19:13-14** rustig hardop deur. Skryf enige iets neer wat jou opval of met jou hart praat vanuit hierdie twee verse.

_______________

_______________

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Bybelboek ontdekking** | **1 Tessalonisense** | Ou Testament | |
| | Begin op bl.______ in jou Bybel | Nuwe Testament | |

6. In **vers 11** word **God se bepalings/woorde** vergelyk met iets.



7. Is daar iets nuuts wat jy vandag geleer het?

_______________

_______________

8. Sluit vandag af deur **vers 15** van **Psalm 19** in 'n gebed tot God te bid.

Bv. Jesus, help my, dat dit wat ek elk dag **sê** en wat ek alles **dink**, goed voor U oë sal wees. Op U lewende Woord alleen wil ek my hele lewe bou. Amen.

Dag 20: **Psalm 20**

Tik die blokkies af: ❑ Ek sit/lê gemaklik
❑ Dit is stil rondom my waar ek nou is…

Wat is die grootste begeerte van jou hart op die oomblik?



1. Neem 'n rukkie en maak Heilige Gees deel van jou stiltetyd. Nooi Hom doelbewus uit om jou te lei en saam met jou deur hierdie les te werk.

2. Lees **Psalm 20.** Hierdie Psalm is geskryf deur David aan die koning, om hulp van God te vra voordat hy gaan oorlog voer het. **Dawid het geweet waar krag en oorwinning vandaan kom - van God alleen.**

3. Skryf nou 'n paar woorde neer vanuit die Skrifgedeelte wat vir jou uitstaan.



4. Skryf 'n sin of twee neer wat vir jou interessant of mooi is.

5. **Wanneer jy die Bybel se verse op jouself van toepassing maak, voel dit of die Woorde net vir jou geskryf is … en dit is!** Kyk weer na **vers 7** en vul dan jou naam op die lyn in – lees die vers hardop en verklaar dit.

Dit weet ek:

Die Here sal aan Sy gesalfde,

________________ die oorwinning gee!

Uit die hemel verhoor Hy my gebed.

Deur Sy groot mag,

gee Hy oorwinning aan my!

Psalm 20:7

Wanneer jy die Woorde van God in jou hart bêre, deur dit te memoriseer (uit jou kop te ken), kan jy dit enige tyd opsê wanneer jy dit benodig. God se Woord is soos 'n swaard waarmee jy in 'n oorlog kan veg! Omdat Heilige Gees in jou bly, sal God se Woorde wat jy dan herhaal, groot krag bevat .

Het jy al gesien dat party spanne 'n gelukbringer ('mascot') het? Dis gewoonlik 'n sagte, groot teddiebeer of 'n mens wat herkenbaar anders aangetrek is as die spanlede. Sommige mense glo vas dat hierdie gelukbringer vir die span geluk gaan bring sodat hulle kan wen. Tog weet ons dat die 'opgestopte beer' beslis nie die krag of mag het om 'n span te laat wen of verloor nie!

**Hoe sal jy daarvan hou, om te weet dat die Een wat oorwinning gee, binne-in jou bly? Jy het geen ander mens of gelukbringer nodig waaraan jy geluk hoef te koppel nie. God alleen bevat al die mag en krag.**

**Hy alleen kan jou help as jy Hom vra.**

Lees weer **vers 8**. Sommige soldate in Dawid se tyd het op die vinnigste strydwaens of op die sterkste perde vertrou, maar **Dawid het geweet waar ware hulp vandaan kom**.

6. Wat het jy nuut geleer uit vandag se Psalm?



7. **Tyd vir refleksie**.

Neem nou 'n paar minute om te blaai deur dag 15 tot 20. Kyk en lees net deur dit wat jy neergeskryf en geteken het. Hierdie is jóu joernaal, 'n neerpen van hoe God met jóu hart praat soos jy Sy Woord bestudeer.

& Gees

Heuningsoet Woord

Psalm 19:10&11

deur Carien Stander

carien@hencar.co.za

Hierdie Joernaal is gemaak om uit te deel! My begeerte is dat kinders lief raak vir die Woord van God en dat hulle deur leiding van Heilige Gees, die Stem van God herken soos hulle deur die Woord lees.  Voel vry om hierdie joernaal aan te stuur of uit te druk vir iemand. Moet asseblief nie enige deel hiervan verkoop nie. Aangesien hierdie joernale verniet is, gaan dit nie deur uitgewers wat dit hersien nie. Wanneer jy op ‘n fout afkom, is jy welkom om my in te lig! Ek dateer gereeld die uitgawes op en sal gewoonlik die nuutste uitgawe uitstuur op versoek.  Kontak my gerus per epos vir navrae oor Bybel Joernale vanuit ander Bybelboeke.